Bybelvertalings 29 Mrt 2013

Jeanette Erasmus

Inleiding

Die saak van Bybelvertaling is so ŉ wye onderwerp dat dit baie moeilik is om in die kort bestek van een uur die spektrum naastenby te kan dek. Daarom probeer ek maar by die drie punte wat u my gegee het te hou. Alhoewel dit ook omvangryk is en ek bietjie wyer onder elkeen gegaan het. Ek het baie dinge glad nie eers aangeraak nie. U sal heelwat meer inligting in my boeke *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling* vind.

Dit is belangrik om altyd terug te gaan na die wortels van ŉ saak sodat ons beter kan begryp hoekom ŉ ding is soos dit is. Tendense val nie maar sommer uit die lug nie. Die mens se filosofieë het ŉ invloed op sy denke en ook gevolge. Daarom eers net ŉ klein bietjie terug in die geskiedenis.

Van die **Liberalisme** (dit is vrysinnigheid op godsdienstige en politieke gebied – op Engels *anything goes*), van die 19de eeu, het die kerk en ook Suid-Afrika nie vrygespring nie. Die rewolusionêre vryheidsgees (Franse Rewolusie) het ŉ stuwende krag vir die opkomende Liberalisme geword wat die uitvloeisel van die 18de eeu se Rasionalisme (verstandsgodsdiens) in Europa was. Teenoor die Gereformeerde Belydenis met sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aand die Bybelse gesag vir leer en lewe, staan die liberalisme en die Humanisme, waar die mens sy eie wetgewer is en nie meer in die eis van God se wet belangstel nie. Die Liberalisme het eers geleidelik en subtiel in die kerk deurgewerk, maar later openlik deurgebreek (d'Assonville 210).

ŉ Besondere kenmerk van die 19de eeu is die gees van "**toleransie**" of "**verdraagsaamheid**" en "**verligting**". In die praktyk is toleransie om in die teologie en die kerk ander standpunte wat van die Bybelse Belydenis afwyk, te **verdra**. Dit is ŉ soort **reletawisme,** d.w.s. die waarheid is altyd relatief t.o.v. iets anders soos die tyd, omstandighede of nuttigheid – dus pragmaties i.p.v. volgens beginsel. Hierdie kenmerk van **verdraagsaamheid** word net teenoor die **vrysinniges** (wat geen waarde aan die vaste leerstellinge van die Bybel heg nie) en liberaliste betoon. Aan die **regsinniges** wat by die Bybel en Belydenisskrifte wil bly, openbaar hulle nie hierdie verdraagsaamheid waarop hulle roem, nie. Sedelike verval, lewensverwildering, onverskilligheid en ligsinnigheid berei die weg voor vir vrysinnigheid en is die voorlopers van verval op godsdienstige gebied.

In 1859 verskyn Darwin se boek *Origin of Species* wat die bestaande ewolusieleer populariseer het. Daar is besef dat dit nie klop met Gen.1 tot 11 nie. Dus moes die skepping en sondeval en wat daarop volg van Genesis 1 tot 11 verander word in ŉ mite of gelykenis of gedig of iets om die letterlike betekenis daarvan te verander om min of meer met hierdie menslike filosofie te probeer klop. Die bedoeling was eintlik om God uit sy skepping te ban. Dit is natuurlik blatante skrifkritiek. Die invloed daarvan strek ver en wyd.

In 1933 het die ateïstiese, humanistiese beweging hulle Manifes I opgestel. Hulle eerste punt lui:

> "As non-theists, we begin with humans, not God, nature, not duty ...But we can discover no divine purpose or providence for the human species. While there is much we do not know, humans are responsible for what we are or will become. No deity will save us; we must save ourselves."

Een van hulle lede, G Richard Bozarth, skryf in the *American Atheist* van Febr. 1978 met meer insig as baie Christene openbaar, in wat die uitvloeisels van die aanvaarding van die ewolusieleer vir Christene beteken. Hy sê die volgende :

> "What all this means is that Christianity cannot lose the Genesis account of creation like it could lose the doctrine of geocentrism and get along. The battle must be waged, for Christianity is fighting for its very life."

"ŉ Ander lid sê in dieselfde tydskrif, maar ŉ ander uitgawe (Jan.1988):

> "Christianity has fought, still fights, and will fight science [bedoelende ewolusieleer] to the desperate end over evolution, because evolution destroys utterly and finally the very reason

> Jesus' earthly life was supposedly made necessary ... If Jesus was not the redeemer who died for our sins, and this is what evolution means, then Christianity is nothing" (O. Hambling). (aangehaal deur Henry Morris, *The Long War against God*, 1990:119)

Hulle verstaan dat as die skepping en Adam en Eva en die sondeval ŉ mite was, dan was die Moederbelofte van Gen.3:15 ŉ mite en gevolglik het Christus vir ŉ mite aan die kruis gehang – as Hy bestaan het, volgens hulle.

Dit is dus duidelik dat humaniste evolusie as wetenskap beskou en dat die Christelike ŉ geloof is. Evolusieleer is suiwer bespiegeling en dus ŉ geloof sonder bewyse en sonder God. Christene is nie teen ware wetenskap nie, maar wel teen die verwerping van die openbaring van God in Sy Woord.

Dit onderstreep die feit dat ons **GEEN KOMPROMIEË** met die ongelowige filosofieë **MAG MAAK NIE**. Tog vind ons dat baie Christene onverskillig staan, òf omdat hulle dié filosofieë nie glo nie en/òf omdat hulle onkundig is oor die feite. Hierdie Christene behoort almal die Swaard van die Gees – dit is die Woord van God op te neem en tot die stryd toe te tree (Ef.6:17). Maar sonder **kennis en GELOOF** van en in hierdie **Swaard,** en hoe om dit te **hanteer,** is ons magteloos in die stryd teen die vyand. As Christene die ewolusieteorie aan vaar, vind dit neerslag in die uitgangspunte en vertrekpunte van modernistiese bybelvertalings.

Om die te probeer aandui hoe die verskillende dele by mekaar aansluit het ek ŉ skema oor hoe die verskillende manuskripte en Bybelvertalings aspekte en twee uitgangspunte by mekaar aansluit of uiteengaan.

BYBELVERTALING

Manuskripte

Minderheid mss
Korrup (±

Meerderheid mss
Getroues (±6000=99

Belangrikste mss
Alef, B, C,D
Hoofsaaklik
Alef & B
Mss baie
verskillend

Meerderheid genoem
Bisantyns = Textus
Receptus
Alle mss baie eenders

Grondteks onseker.
verander met nuwe
mss ontdekkings

Grondteks seker.
Bly bestendig.
Verander nie

Fabriseer
geskiedenis om
Meerderheidtek
s uit te skakel

Bybelvertaling

Hoë agting Skrifgesag
Glo dis God se Woord.
Letterlik - getrou aan
grondteks

Minag Skrifgesag
Glo dis
mensewerk.
Vrye – wyk af van

Aanslae:
Rooms &
Nie-Rooms

matoriese
ings - bestendig

Modernistiese
vertalings kort-
kort nuwes

Bv : King James
Version;
Statevertaling;
1933/53 Afrikaanse

Bv : 1983/92 Afr.
Vertaling; 2016
Afr. Brontaal; e.a
tale vertalings

1) Wat dryf die gedurige vernuwing van Bybels?

Om dié vraag kort en kragtig te antwoord kan ek sê: "Die Satan." Maar dit sal seker nie bevredig nie, want dan sal daar niks meer wees om te sê nie. Dus sal ek wel iets verder daaroor sê.

Die verskillende rigtings wat Bybelvertaling ingeslaan het, het afgehang van die Skrifbeskouing van die vertalers of uitgewers, die Griekse Nuwe Testament wat gebruik is en/of die beproefde letterlike metode of die modernistiese vrye D-E-metode wat gevolg is. Daar sal d.m.v. verdere Bybelhersienings en –vertalings verdere aanslae op die Woord van God geloods word. Veral in die Engelssprekende wêreld het meer as een vertaling per jaar die afgelope 100 jaar verskyn.

M.R. Dehaan (1891–1964) se opmerkings in sy boekie *Bible Versions and Perversions* (1962) is vandag nog steeds van toepassing en die **modernistiese** Afrikaanse vertalings, die Nuwe Afrikaanse Vertaling en Afrikaanse Lewende Bybel, kan hierby aansluit:

„***SPRAAKVERWARRING IS DIE BESTE MANIER OM DIE JONGSTE BYBEL-SPELETJIE TE BESKRYF, WAAR HONDERDE MEDEDINGERS WOER-WOER MET DIE HEILIGE SKRIF** SPEEL**, IN SO 'N MATE DAT HULLE HOPE NUWE EN TWYFELAGTIGE VERTALINGS, WEERGAWES, VERWRINGINGS EN HERSIENINGS VAN ONS ENGELSE BYBEL UITGEE***… Uit die jongste pogings om ons 'n Bybel in moderne Engels te gee, word die werklike rede duidelik, nl. om ons met 'n ***modernistiese*** Bybel te bedrieg — nie 'n **moderne** een nie. Dit blyk uit die twee jongste sg. vertalings (Revised Standard Version en New English Bible) dat die ware rede is om die Bybel as Woord van God te ***vernietig***. 'n Lang linie mindere vertalings het tot hierdie eerlose klimaks gelei.

„Die gesamentlike invloed is ongetwyfeld sleg en het verwarring, frustasie en twyfel onder opregte soekers te weeg gebring… meer nog, **dit het aan die vyand ammunisie gegee om te sê dat niemand weet wat reg is en wat nie**… ***HIERDIE GIER OM NUWE BYBELVERTALINGS DAAR TE STEL, BEVAT DIE SLUIMERENDE POTENSIAAL VIR DIE KWAAD WAT OPENBAAR BEHOORT TE WORD***… Die erns van die dreigende gevaar in hierdie groeiende kwaad, sal my nie met rus laat totdat ek my hart oor hierdie Babelse weergawes en vertalings uitgestort het nie… ***Ek durf die boek*** [King James Version en alle ander soortgelyke vertalings] ***nie langer verraai deur stil te bly as dit bedreig word nie.***

„Duisende mense wat nog nooit eers die helfte van hul vaders se Bybel deurgelees het nie, raak 'mal' oor die een of ander moderne vertaling. Ons hoor hulle al sê: 'Die nuwe vertaling is soveel duideliker en makliker om te verstaan.' Ek wil vra: 'Hoe weet jy dat dit makliker en duideliker is as jy nog nie eers jou ou Bybel gelees het nie?'… **OM VERWARRING TE VOORKOM, MOET DIE KERK EEN BETROUBARE VERTALING AANVAAR. ONS HET NIE NOG NUWE VERTALINGS NODIG NIE MAAR 'N DEEGLIKER KENNIS VAN DIE EEN WAT ONS REEDS HET.**

„Hier op aarde sal ons nooit oor alles saamstem nie, maar as die eer en suiwerheid van die Skrif bedreig word, mag ons eenvoudig nie verskil nie. Ons moet eenvoudig 'n keuse maak. Persoonlik sal ek my eerder skuldig maak aan oorywerigheid ter verdediging van dié Boek [King James Version] as om geweld aan die Skrif oor te sien en om diegene wat die Woord van God 'bedrieglik' hanteer, ongehinderd toe te laat of te beskerm (2 Kor. 4:2) — onder die dekmantel van verdraagsaamheid en liefde. ***EK SOU MY EERDER SKULDIG MAAK AAN OORYWERIGE ERNS IN DIE 'STRYD OM DIE GELOOF'*** (Judas 3) ***AS OM SKULDIG TE WEES AAN KOMPROMIE UIT VREES OM AAN ANDER AANSTOOT TE GEE"*** (A, Aangehaal Cloud, *For Love of the Bible,* 1995:256–259). (Cloud se hoofletters)

Of die Engelse taal so dikwels verander en nuwe mss so vinnig gevind word, en of die ontwikkeling van die taal– en kommunikasie-wetenskap sodanig is dat dit **elke jaar** 'n nuwe vertaling regverdig, is 'n ope vraag. Dat dit dikwels eerder gaan om die finansiële voordeel wat uit naïewe Christene gemaak kan word, kan seker nie buite rekening gelaat word nie.

Moderne sienswyses in die vertaalwetenskap speel vanselfsprekend 'n rol. Soos in alle wetenskappe word die mens met sy behoeftes, bevindinge en dryfvere op die voorgrond gedruk. Bybelvertaling ondervind hierdeur 'n magtige dwang tot behoeftebevrediging, ook die behoefte van finansiële wins vir die uitgewer. Dit is ongelukkig ook waar dat behoeftebepaling veelal deur die

siening van die bepaler gekleur word ter wille van wetenskaplikheid of gewaande wetenskaplikheid. Moderne musiek is bv. dit waarna die jongmens glo vra, maar die produsente daarvan is ironies meestal middeljariges.

In *Bible Version Comparison* noem Terry Watkins dat daar sedert 1880 oor die 200 Engelse vertalings verskyn het. Hy haal die *Time* tydskrif aan: „…daar is ’n ongeëwenaarde ***verwarring*** van bybelkeuses”. Nog nooit was so baie verskillende, nuwe vertalings op die mark nie. Mense het al dikwels teenoor hom opgemerk: „Hierdie Bybel sê een ding, daardie een iets anders, en nog ’n ander een weer iets anders. Watter een is reg?” ’n Mens hoor dikwels dieselfde opmerking in Suid-Afrika, en hier het maar nog net enkele verskillende Afrikaanse vertalings verskyn (waarvan net 3 behandel is), met ander in die pyplyn.

David J. Engelsma (1939–), professor in Dogmatiek en Ou Testament by die *Protestant Reformed Seminary*, Grandville, Michigan, VSA, verwoord die saak so:

> „Dit behoort vir almal duidelik te wees dat die vertaling wat die Kerk gebruik, ’n belangrike saak is. Deur die korrupte vertalings teen te staan, is ons in wese met dieselfde stryd besig wat ons geestelike voorgeslagte in die Hervorming geveg het: Die stryd vir die teenwoordigheid en gesag van die Woord van God. Die enigste verskil is dat die Bybel toe weerhou is van die kerk, terwyl dit nou begrawe en verdraai word deur ’n menigte slegte vertalings” (Engelsma, *Modern Bible Versions*, p. 9 soos aangehaal deur Cloud, For the Love, p. 376, 377).

Waar kom al hierdie verwarring dan vandaan? Satan is die vader van die leuen (Joh. 8:44) wat verwarring saai. As hy ’n saadjie van twyfel in iemand se gemoed kan plant, is daar ’n moontlikheid dat daardie persoon die Woord van God nie ernstig sal opneem nie. „…die duiwel [kom] en neem die woord uit hulle hart weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie” (Luk. 8:12).

Reeds in 1961 het dr. D. Martin Lloyd-Jones by ’n herdenkingsbyeenkoms van die Hervorming, opgemerk dat die heersende gedagte, nl. dat die Hervorming ’n tragedie was omdat dit verdeling gebring het, vinnig besig is om veld te wen. Die gedagte is dat „ons dit so gou as moontlik vergeet en alles in ons vermoë moet doen om die breuk met Rome te heel, sodat ons een groot wêreldkerk kan word”. Om terug te kyk is sinloos omdat die verlede ons tog niks leer nie (Lloyd-Jones, *Knowing the Times*, 1989:91).

Dit is „geen oordrywing om te sê dat die Hervorming die hele loop van die geskiedenis in die Westerse wêreld ten goede verander het nie. Voor die Hervorming was daar agterlikheid en ongeletterdheid” (Lloyd-Jones, *Knowing Times*: 1989:95, 93). Die groot les wat die Hervorming ons leer is: *„Terug na die Bybel”* — nie vernuwings en allerhande uiterlike versierings en foefies om jongmense ter wille te wees net om die kerk vol te kry nie. Die erediens is nie ’n Christelike konsert waar mense vermaak moet word nie, maar ’n ontmoeting met die hoë en heilige God tot wie ons met ontsag en aanbidding moet nader. In die erediens moet nie gepoog word om met die TV en ander wêreldse vermaak te kompeteer nie.

Die belangrikste kenmerk van die Hervormers was hulle onwrikbare geloof in die **gesag van die Bybel as Woord van God** waaronder hulle in gehoorsaamheid moes buig, nie moes beoordeel of veroordeel nie, maar moes preek (Lloyd-Jones, *Knowing Times*, 1989:98). Hulle het hul lewe gewaag met die prediking dat die mens nie deur werke nie, maar alleen deur die geloof in die genadige soenverdienste van Christus gered word. Vir Calvyn en die Hervorming was dit in die bekende Latynse woorde: *Soli Deo Gloria* (alleen aan God die eer), *Sola Scriptura* (alleen die Skrif), *Sola Gratia* (alleen deur genade), *Sola Fide* (alleen deur geloof) en *Sola Christo* (alleen deur Christus). Die tyd kom vir ons ook vinnig nader dat dit lewensgevaarlik gaan wees om te sê: „Net Christus alleen, net Hy is die Deur!”

Dr. Bruce Lackey skryf in *Can You Trust Your Bible?*: „Die ernstigste probleme wat deur die baie vertalings geskep word en die gevolg van die halwe waarhede deur die tekskritici, is dat baie mense vandag glo dat daar *géén* akkurate, onfeilbare Bybel hoegenaamd in die wêreld bestaan nie. Om te beweer dat die Woord van God in alle vertalings te vinde is, is om te sê dat jy dit nie kan

vind nie, aangesien niemand kan besluit wat die beste manier is om al die verskille in die vertalings op te los nie." (aangehaal Cloud, *O Timothy*, 1999:16(11):14).

Die naturalistiese uitgangspunt van die modernistiese bybelkritiek, is Bybels onaanvaarbaar, omdat dit die mens en sy sondeverduisterde verstand met sy 'wetenskap' as regter bokant God en sy Woord aanstel om dit te beoordeel en te veroordeel asof dit maar net 'n gewone antieke, menslike boek is. Daar word telkens gesê dat daar baie nuwe manuskripte gevind is wat nie bekend was ten tye van die vertaling van die *King James* (1611) of *Statevertaling* (1637) nie, maar minder dikwels word gehoor dat die meerderheid manuskripte (±98%) met hul wortels in Antiochië, juis hierdie Reformatoriese vertalings ondersteun. Die mens reken hy kan objektief met God se Woord omgaan, besluit of dit waar is of nie. Inmiddels is dit egter 'n subjektiewe beoordeling van dinge waarvan die mens nog maar „soos in 'n spieël in 'n raaisel" kyk, al wil baie wetenskaplikes — sommige in piëteit, ander in hulle 'logiese wetenskaplikheid' — beter weet as Christus self.

Ten opsigte van die dinamies-ekwivalente vertaalmetode wat in die meeste modernistiese bybelvertalings gebruik word, sê die Klassis Rapport: „wil ek hier baie nadruklik waarsku dat ons verset teen die huidige Skrifkritiek fundamenteel ondergrawe word deur hierdie filosofie" [wat hierdie metode van bybelvertaling onderlê]. „…En ook hier sal ons 'n onverbiddelike: 'nee', moet laat hoor. Eintlik is hiermee die hele vertaling reeds verwerp" (Anon. Rapport van Klassis Pta-sentraal, 8 Nov. 1984:31, 32, bylaag D:2, 3).

Verskil tussen Reformatoriese en Modernistiese vertalings

Ons moet gedagte hou wat prof. Jacob van Bruggen oor die gesag van 'n bybelvertaling sê:

> "A translation has authority only to the degree that it **transmits the revelation accurately and completely**. Thus the authority of the original is transmitted by the translation." (*Future of the Bible*, 1978:135).

• Reformatoriese Vertalings

Die Authorized Version of King James Version

Die Griekse Nuwe Testament waarop die King James Version gebaseer is, het ontstaan toe na ±1500 jaar van duisternis die lig van die Evangelie deurgebreek het. Dit was 'n tyd waarin geglo is dat die Bybel die gegewe, onfeilbare Woord van die lewende God is — **'n tyd van geloof**. Dit was God wat met sy volk praat. Diegene wat daarmee gewerk het, het dit ook so eerbiedig hanteer, òf hulle ook al met die grondteks òf met die vertaling gewerk het. Hierdie teks en vertaling het ontstaan voor die tyd van die modernistiese Skrif- en tekskritiek waarin die Bybel nie meer as die onfeilbare Woord van God beskou word nie. Deur die Here se genade was die meerderheid vertalers Puriteine, met 'n gereformeerde Calvinistiese leer van *Sola Scriptura* en *Soli Deo Gloria* (wat veral deur Rome misken word). Almal was Godvresende manne wat geweet het hulle staan voor die lewende God wanneer hulle met sy Woord werk; hulle het ook geglo dát dit sy Woord is.

Die voorwoord van die *New King James Version* (NKJV) stel dit so:

„Die King James-vertalers was toegewyd aan die taak om 'n presiese Engelse Bybel daar te stel wat hoegenaamd nie 'n parafrase of 'n naasteby-dieselfde-betekenis-weergawe moes wees nie. Enersyds was die vertalers byna net so vertroud met die grondtale as met hul moedertaal Engels. Andersyds het hulle eerbied vir die Goddelike Outeur en sy Woord verseker dat slegs 'n vertaling van die Skrif wat voldoen aan die hoogste akkuraatheid, aanvaarbaar sou wees" (C, 1990:Voorwoord NKJV).

Daarom het hulle so versigtig moontlik woord-vir-woord vertaal en hulle nie allerhande vryhede veroorloof of toegelaat dat menslike teorieë in die weg van die vertaling kom soos hedendaagse vertalers doen nie. Hulle het by die kerklike metode van vertaling, wat al vir honderde jare so aanvaar is — „so letterlik moontlik" — gebly. Waar woorde bygevoeg moes word om die betekenis in Engels verstaanbaar te maak, is die bygevoegde woorde kursief gedruk. Daar mog geen misverstand wees oor wat bygevoeg is en wat nie. Hiervolgens word die leerstelling

van die Hervorming „die priesterskap van alle gelowiges", erken. Op dié manier is die suiwer Bybelse leer getrou in die vertaling weergegee en is elke leser tot by die bron gebring. Elke gelowige in sy amp as gelowige het die reg, voorreg en verantwoordelikheid om self die Skrif te bestudeer en te verstaan onder leiding van die Heilige Gees. („Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan" Luk. 24:45.) Daarom moet hy so na moontlik aan die bron gebring word. Hierdie uitgangspunt het ook gegeld vir die 1933-Afrikaanse vertaling sowel as die Statevertaling (In teenstelling hiermee, interpreteer Rome die Woord slegs deur haar ampsdraers.)

Die bekende persoonlike voornaamwoorde *thou* en *thee* was nie algemeen in gebruik gedurende die 17de eeu nie, maar vir 300 jaar reeds in onbruik en met *you* vervang. *Thou* en *thee* is gebruik omdat *you* die Grieks of Hebreeuse woorde nie voldoende onderskei nie, wat wel verskillende woorde het vir *jy* en *julle* soos in Afrikaans. Die leser moes duidelik sien of dit enkelvoud of meervoud is soos die oorspronklike tale dit weergee. Uit 'n vergelyking van die voorwoord van die King James Version met dié van die vertaling, is die verskil in taal en styl opvallend. „Die Engels van die *King James Version* is nié die Engels van die vroeë 17de eeu [toe die KJV ontstaan het] nie. Om presies te wees, dit is nie 'n tipe Engels wat ooit iewers gepraat is nie. Dit was 'n *Bybelse* Engels wat nie eers deur die vertalers self gepraat is nie… Die styl is dié van die Hebreeus en van die Nuwe-Testamentiese Grieks". Die bewering dat die Nuwe Testament in gewone omgangstaal Grieks geskryf is, is blykbaar oordrewe. Volgens R.M. Grant (1963) was die taal van die Nuwe Testament nie dié van die sekulêre Egiptiese papiri nie maar Bybels (A, Aangehaal Hills, King James Version, 1993:218, 219) en die King James Version-vertalers het daarby aangesluit net soos dié van die Statevertaling en die 1933-vertalers.

Die King James Version vertalers

Hierdie manne was nie net 'n klomp droë ou teoloë nie, maar was ook bedrewe predikers en gebalanseerde Christene, maar in die eerste plek ware gelowiges.

Hulle het hul opdrag met eerbied vir die aan Godgeïnspireerde Outeurskap en onfeilbaarheid van die Heilige Skrifte uitgevoer. Vir hulle was dit „God se heilige Waarheid" wat die uiterste versigtigheid en getrouheid in vertaling vereis het (A, Brown, *The Learned Men*, 1986:13).

Statevertaling se positiewe invloed

Net soos die King James Version is die Statevertaling deur gelowige bybelgetroue vertalers gedoen wat hoë eerbied vir Sy Woord gehad het en geglo het dat elke woord vertaal moes en waar woorde vir duidelikheid bygevoeg is, is dit kursief gedruk. Ds Johannes Bogerman die voorsitter van die vertaalkommissie het gesê 'n sleg vertaalde Bybel is nie die Woord van God nie.

Die Statevertaling, en die Bybels wat dit voorafgegaan het, asook die Belydenisskrifte het 'n geweldige positiewe invloed op die Nederlandse volk uitgeoefen: op hul alledaagse lewe, op hul taal en selfs op die feit dat hulle vir 80 jaar (1568–1648) die vryheidstryd teen Spanje kon volhou. In die woorde van Busken Huet: „Die Statebybel is een van die goeie hoofstukke uit die volkslewe van die Nederlanders in die 17de eeu; tewens die beste en seldsaamste vrug wat die regsinnigheid in die tyd gedra het… Nog Hooft … nog Vondel, nog selfs die populêre Cats was in so 'n mate die taalmeesters van die Nederlandse volk gewees as die vertalers van die Statebybel" (A, Nienaber, Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, 1934:14).

Die Statevertaling is vir ons belangrik omdat dit juis **hierdie** Bybel is wat in die hand van die Vryburger en Voortrekker Suid-Afrika ingetrek het. Dít is waarop die Afrikanervolk gegroei en waarvolgens ons gevorm is, al is dit so dat ons vandag grootliks daarvan afgewyk het.

1933/53 Afrikaanse Bybel

Die Statevertaling was sedert die koms van Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap die rigsnoer vir die mense in Suid-Afrika. Algaande het hul taal, Nederlands, verander na Afrikaans en het hulle dit moeilik gevind om Nederlands goed te volg. Die Eerste Taalbeweging (Genootskap van Regte Afrikaners) word op 14 Aug. 1875 in die Paarl gestig, en het sy ontstaan te danke aan die begeerte om die Bybel in Afrikaans oor te sit. Met groot ywer word gewerk: ds. S.J. du Toit met die

hulp van ander, vertaal ’n paar Bybelboeke, maar dit wou nie vlot nie. Eers in die volgende eeu sou sy seun Totius, die deurbraak maak.

Die stryd vir Afrikaans teenoor Hollands sou nog ’n rukkie duur, maar geleidelik begin Afrikaans die oorhand kry en word in Afrikaans gepreek en geskryf, veral in die Gereformeerde kerke. In 1914 hou dr. B.B. Keet ’n lesing voor die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) oor „Die Bybel in Afrikaans” wat die spoorslag word vir die vertaling. In 1914 besluit ’n algemene vergadering van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in beginsel om die Bybel en Belydenisskrifte te vertaal. Op die NG-Sinode van die Vrystaat 1916 word besluit om die Bybel in Afrikaans te vertaal en word alle ander NG Kerke, asook die Geref. en Herv. Kerke tot samewerking uitgenooi. Hulle benoem selfs ’n kommissie wat solank aan die saak moes begin werk. Op 15 Jan. 1917 dien hierdie uitnodiging op die Algemene Sinode van die Geref. Kerke en word dit dadelik positief begroet; in teenstelling met die ander twee „Hollandse” kerke wat aanvanklik baie besware gehad het. Die drie Afrikaanse kerke werk mettertyd saam en elkeen stel manne beskikbaar vir die vertaalwerk. Die volledige Bybel verskyn vir die eerste keer in Afrikaans in 1933. Die eindvertalers was proff. J.D. du Toit (Totius), E.E. van Rooyen, J.D. Kestell, B.B. Keet en dr. H.C.M. Fourie — wat almal na aan hul God geleef het en vir wie God se Woord ’n heilige boek was. Vir hulle was dit nie ’n menseboek wat soos enige ander manuskrip uit die ou tyd behandel kon word nie. Nienaber stel dit so: „Tog meen ek dat in die loop van die geskiedenis die aandeel van elke vertaler geleidelik in die lig sal kom, en dat dit sal blyk in hoe ’n groot mate prof. J.D. du Toit die siel van die hele Bybelvertaling was…” (A, Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934:62,67,69,117). Die kritiese teks en die W-H-tekskritiek was toe al goed bekend, maar hulle het dit afgewys, veral Totius het sterk ten gunste van die TR standpunt ingeneem – nieteenstaande die feit dat van sy medevertalers anders gedink het. Soos hy opgemerk het, het hy eers agter geloop, toe spring die ander om en hy loop voor.

Vertaalmetode

Die 1933-vertalers het hulle by ’n streng konkordante vertaalmetode gehou soos blyk by die uiteensetting van die metode wat die vertalers aan die Kommissie voorgelê het:

„Die Statevertalers het hulle aangesluit by ‘de manieren van spreken der Hebreeuwen en Grieken.’ In hoofsaak moet van hierdie stelreël nie afgewyk word nie, omdat nie ’n vrye of kunsvertaling nie, maar soveel molik (spelling onveranderd) ’n letterlike oorsetting van die Heilige Skrif verlang word” (A, Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934:122).

Waar woorde bygevoeg moes word om die betekenis in Afrikaans verstaanbaar te maak, is hierdie woorde kursief gedruk. Daar moes geen misverstand wees oor wat Woord van God is en wat nie!

Die gebruik van die Textus Receptus is ’n genade van die HERE

Die besluit om die TR as grondteks te gebruik, is ’n genade van die HERE aan die Afrikanervolk, anders sou ons nooit die ***ware Woord van God*** gehad het nie — dit was ook tot groot geestelike seën. Die bedoeling was om „aan die volk die Bybel in hul eie taal te gee en wel so, dat die taalvorm aan hoë eise kan beantwoord en geen rede tot steurnis sal wees nie — soos ook … die inhoud, wat getrou weergegee moet wees, maar wat ook nie deur ‘nuwighede’ moontlik ergenis moet verwek nie”. By ontvangs van die Bybel sê C.M. van den Heever met reg dat „ons nou een van die belangrikste gebeurtenisse in ons geskiedenis beleef” „Die bede van die vertalers is dat die lesing [lees] van die Bybel in Afrikaans vir ons hele volk ’n nuwe en ongekende seën sal bring” (A, Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934:118,119, 197,202).

Die inisiatief vir hierdie vertaling het uit en deur die kerke gegroei en plaasgevind, uitsluitlik om die Woord van God in die taal van die volk beskikbaar te stel. Eers later het die BBBG op die toneel verskyn en hul samewerking gegee. Hierdie Bybel het net soos die Engelse King James Version, Nederlandse Statevertaling en Luther se vertaling ’n groot invloed op die standaardisering en opheffing van die taal gehad in die woorde van C.F. Visser, Rektor aan die Normaalkollege: „Taal van Suid-Afrika — vergoed is nou verby jou plat-taal periode. As taal van die Bybel word jy

draer van ons hoogste geestesgoed" (A, Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934:198).

Vrug van die 1933 Afrikaanse Vertaling

Op die sentrale fees waar die Bybel in ontvangs geneem is, sê die hoofspreker, H.P.M. Steyn, sekretaris van die BBBG: „Die Afrikaanse Bybel moet nie alleen aangeskaf word deur elke huisgesin nie, dit moet ook gelees en in die praktiese lewe toegepas word. Om voorspoed in die land te verseker is dit nodig dat **die volksleiers weer tot die Bybel sal terugkeer en dit die rigsnoer van hul staatkunde en beleid sal** maak soos die Presidente van die twee Republieke voor die Tweede Vryheidsoorlog gedoen het". Maar bowenal het dit 'n geestelike verheffing by die volk teweeggebring waarin die eer van God en die gesag van sy Woord weer die middelpunt gevorm het. „Prof. S.P. Engelbrecht het … daarop gewys dat deur die verskyning van die Bybel in Afrikaans 'n nuwe godsdienstige en sedelike krag sal uitgaan wat vernuwend en skeppend sal werk, want **die godsdiens is die skepper van die Afrikaanse kultuur"** (A,Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934:206,204).

Geen so 'n krag was die vrug van die Nuwe Afrikaanse Vertaling nie. Dit lyk inteendeel asof die volk oor die algemeen net so min agting vir die Woord van God het as die vertalers self, wat herhaaldelik verkondig dat vertalings mensewerk is — die Woord is verlore, net afskrifte, van afskrifte, van afskrifte, wat vol foute is, het oorgebly — as sou God toe nie sy Woord van geslag tot geslag en tot in ewigheid kon bewaar nie — soos Hy beloof het (xxx)!

• Modernistiese vertalings

Net enkele Afrikaanse vertalings sal as voorbeeld geneem word. In my boek Skrifgesag is daar verskeie Engelse en Nederlandse vertalings vir u om te gaan nalees as u belangstel.

Die 1983- of Nuwe Afrikaanse Vertaling

In 1967 reël ds van Arkel, sekretaris van die Bybelgenootskap van SA, 'n vergadering by Turfloop. Dr Eugene Nida voer die woord. Hy is 'n deskundige van die United Bible Societies. Hy het sy boek *Towards a Science of Translating* as voorstudie aanbeveel. Dit het die gedagtes na 'n nuwe vertaling gestuur eerder as 'n verdere hersiening.

Die daaropvolgende jaar (Junie 1968) heg die pous sy goedkeuring aan die UBS se vertalingsprojekte. 'n Paar dae later (1–6 Julie) word 'n seminaar by die Universiteit van Pretoria gehou en weer was die dinamiese Nida die spreker. „Die kern van dr. Nida se betoog by die seminaar was dat dit by Bybelvertaling **nie gaan om die oordra van die grondteks nie**, maar om die oordra van die **betekenis**, die **bedoeling**, die **boodskap** van die teks. Daarby moet die betekenis ingeklee word in die idioom van segging van die ontvangtaal, indien moontlik so eg dat die leser nie daarvan bewus word dat hy met 'n vertaling te doen het nie. Dié metode staan bekend as die dinamies-ekwivalente metode" (A, Wegener, *In die begin was die Woord*, 1991:229).

By Turfloop al is die geleerdes saggemaak en kon onder pleidooi van prof. A.H. van Zyl die knoop vinnig deurgehaak word sonder goedkeuring van enige kerk: dit het alles so mooi en logies geklink. Dit sal nie gaan om 'n letterlike weergawe van die grondteks nie, maar om die oordra van die betekenis, die boodskap. Daar sal 'n Nuwe Afrikaanse Vertaling volgens die D-E-metode gemaak word (A, Wegener, *In die begin was die Woord*, 1991:228, 229). 'n Bybelgenootskapseminaar het besluit! Hy is mos al vanaf 1965 selfstandig!

Ander grondtekste is gebruik as vir die 1933-vertaling. Die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1977), gebaseer op die kodeks Leningradensis (1008 n.C.), is vir die OT en die United Bible Societies [3] se Griekse Nuwe Testament (1975) is vir die Nuwe Testament gebruik (C, *Voorwoord*, Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Die Woordsoort word verander om minder kras te klink

Netsoos in ander modernistiese vertalings word nie net weglatings en byvoegings gedoen nie maar ook o.a. ’n selfstandige naamwoord na ’n werkwoord of persoon word na ’n handeling verander om minder kras te klink. Bv. ***Wreker*** word ***wreek Hom*** of ***Hy straf*** (Nah. 1:2; 1 Thes. 4:6); ***hoereerders*** word ***onsedelik leef***, ***rowers*** word ***ander besteel*** (1 Kor. 5:9–11); ***sodomiete*** word ***mense wat homoseksualiteit beoefen*** (1 Kor. 6:9–10; 1 Tim. 1:10) ens. Vgl. lg. verse soos bespreek onder die NIV par. 8.7.13 hierbo. Die grondteks word doelbewus verander om aan die mens nie aanstoot te gee nie — soos P.A. Verhoef toegee (B, Verhoef, *Hoe het die -vertalers gepoog om doelstellings te verwesenlik?* Deo Gloria, 1984:16).

In die aanslag op die Woord van God neem die Nuwe Afrikaanse Vertaling saam met honderde ander modernistiese vertalings sy plek in. In die toekoms sou die onfeilbaarheid en die Goddelike bewaring van die Woord in gedrang kom. Die *wetenskap* is trouens nou as arbiter en regter oor die Woord aangestel.

Geen so ’n krag, soos met die 1933 Afrikaanse Bybel, was die vrug van die Nuwe Afrikaanse Vertaling nie. Dit lyk inteendeel asof die volk oor die algemeen net so min agting vir die Woord van God het as die vertalers self, wat herhaaldelik verkondig dat vertalings mensewerk is — die Woord is verlore, net afskrifte, van afskrifte, van afskrifte, wat vol foute is, het oorgebly — as sou God toe nie sy Woord van geslag tot geslag en tot in ewigheid kon bewaar nie — soos Hy beloof het!

Komende Afrikaanse Bybelvertaling (±2016) wat by bronteks aansluit

Net soos vir die Nuwe Afrikaanse Vertaling word die ontwikkeling in Afrikaans, vertaalkunde en meerdere kennis van die grondtale aangevoer vir die noodsaak van die vertaling. Net soos vir die Nuwe Afrikaanse Vertaling gaan dit om verstaanbaarheid, maar nou met klem op die **betekenis** van bronteks en nie reaksie van die hoorder/leser nie. Om hierdie *betekenis* weer te gee, is ons weereens terug by die 1983-Vertaling met die hoorder voorop. Tegelyk staan die deur wawyd oop vir die interpretasie van die vertalers in konsensus. Dit sal in die kommentaar op dele uit die proefvertaling aangetoon word.
Hierdie werkswyse het noodwendig twee uitgangspunte:

Ten eerste is konsensus slegs moontlik as ’n dogmaties neutrale vertaling nagestreef word. Dit bring mee dat ook die belydenisskrifte op die agtergrond gedruk word en gereformeerde begrippe soos die Bybel as Woord van God geïnspireer deur die Heilige Gees, Skrifgesag, die eenheid tussen Ou- en Nuwe Testament en die beginsel dat duidelike dele minder duidelike verklaar, agterweë bly. ‘Neutraal” beteken gewoonlik dogmaties vrysinnig. Die voetnote kan ook gerieflik bydra tot die indra van wêreldse of die vertalers se sieninge soos die voetnote by Gen.1:7; Mat.6:13 getuig.

Ten tweede word Kerke gevra vir medewerkers. Sulke deelname is ’n belangrike sielkundige metode om verset teen ’n bepaalde vertaling – gedeeltelik of as geheel – te neutraliseer. Sou individuele vertalers nie saamstem met ’n bepaalde vertaling (van bv. ’n woord of vers) nie, abdikeer hulle ten gunste van konsensus. Dit as sulks is strydig met die opdrag van die HERE dat ons ons nie mag voeg by die meerderheid in ’n verkeerde saak nie (Ex.23:2). Die hooggeagte wetenskaplike beeld van die deelnemende kenners is natuurlik ook op die spel.

Dieselfde grondteks (maar opgedateer wat kritiese apparaat betref) wat vir die 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling gebruik is, word ook vir die beplande 2016-vertaling gebruik. Die skriftuurlike bedenkings teen die hierdie (skrif)kritiese grondteks van die Nuwe Testament is uitvoerig in Deel. 1 hfst.1 bespreek.

Die BSA beoog om ook die apokriewe boeke in sekere drukke uit te gee, natuurlik om die Roomse tegemoet te kom. Maar dan nie as apokrief nie, maar as deutero-kanoniek (deutero = tweede). Hiermee word ’n dogmatiese uitspraak gemaak en demonstreer die deelnemende kerke hul akkomoderende, onbybelse verdraagsaamheid met die valse kerk.

Met so baie verskillende denominasies wat saamwerk, word die weerstand oor ʼn wye front afgebreek. Daar word blykbaar van die standpunt uitgegaan dat die Bybel verander soos hersienings van die grondtekste hul verskyning maak, nieteenstaande die Here se versekering dat Sy Woord standhou tot in ewigheid, selfs elke jota en titel. Leerstellig moet in die vertaling ook nou alle dogmas en/of skrifkritiese vertalers demokraties geakkommodeer word, diegene wat maar ʼn Afrikaanse Bybel sou begeer en/of gebruik. Hoe meer deelnemers hoe groter die reikwydte van die teikengroep, hoe groter die leerstellige neutraliteit, hoe groter die aanvraag en hoe groter die verkope.

Hierdie indoktrinasie metodes word verduidelik in *Verslag 14* van die *Vernuwingstrategië in die Onderwys* wat al in 1981 die volgende geskryf het: "Die algemene rasionaal, wat op heelwat Nuwe Afrikaanse Vertalingorsing berus (Zaltman e tal., 1977:95-96) is dat deelname weerstand verminder, ondersteuning versterk en in belang van die voortdurendheid van veranderings noodsaaklik is. Deelname by probleemidentifisering en besluitneming beteken dat die agent met die tekengroep konsulteer [soos met ons o.a. d.m.v. die vraelys agter in die boekie] tydens die formulering van die probleme en besluitneming oor veranderingsdoelstellings. Hierdie tegniek kan veel daartoe bydra om lede van die teikengroep sover te kry om hulle met die veranderingspoging [eers die 1983-, en nou die brontaal georiënteerde vertaling] te vereenselwig" (1981:75).

Die doel met hierdie nuwe bybelvertaling volgens die proefvertaling wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uitgegee het is:

- In die Afrikaanssprekende kerke is daar die **behoefte** vir so ʼn vertaling.
- Vertaalkunde het as ʼn **wetenskap geweldig ontwikkel** sedert die publikasie van die 1983-vertaling in Afrikaan.
- Ons **kennis van die tale waarin die Bybel oorspronklik geskryf is**, **het** in die afgelope jare geweldig **toegeneem.**

Of ons hierdie persepsie van hulle kan onderskryf is ʼn ope vraag, en of hierdie poging nog net nog ʼn bybel is op pad na die finale een soos al die modernistiese bybels?

Die finale Bybel

Modernistiese Bybel-'vertalings' is kontekstueel, dit moet inpas by die kulturele, politieke, feministiese, homoseksuele ens., denke van die mens. God moet gereed wees om diens aan die *„poor en oppressed"* (swartes) te lewer en hulle van die *„oppressors"* (blankes) te verlos. Om die Bybel kontekstueel te lees en te vertaal beteken bevryding. God word as *„Our Father-Mother"* aangespreek. Die *goeie nuus* van die evangelie beteken „God bedoel nie wat Hy sê nie".

Modernistiese vertalings is op pad na die finale bybel wat vir almal in die Een-Wêreldgodsdiens van die *New Age* aanvaarbaar sal wees; waar „nuwe" ontdekkings aanvaarbaar is en die Apokriewe boeke as deel van die Bybel aangebied word, en waar lidmate aangemoedig word om álle godsdienste gelykwaardig aan die Christelike godsdiens te beskou.

ʼn *New Age*-ontleder, Texe Marrs, verduidelik hoe die woorde "navorsing" en „argeologie" in hierdie web van misleiding ingeweef word:

> „Vir eeue het Satan wetenskaplikes en pseudo-wetenskaplikes geïnspireer om Christene as ongesofistikeerd en agterlik te brandmerk. Baie van hierdie … wêreldse humanistiese argumente sal deel van die *New Age*-Bybel word. Die Bybel wat deur die Antichris ontwikkel sal word, sal toegejuig word as in volle ooreenstemming met ʼn hoog-tegniese eeu. Verder, sal aan *New Age*-burgers gesê word dat die *New Age*-geskrifte verander kan word elke keer as nuwe wetenskaplike ontdekkings ʼn suggestie van hersiening gee" (aangehaal Riplinger, 1993:555, 556).

Diegene wat ʼn suiwer Skrifgetroue standpunt handhaaf, word nou as onverdraagsaam, onwetenskaplik, oningelig, ens. gebrandmerk. Nie verniet waarsku die Skrif dat die antichris uit die kerk sal kom nie (1 Joh. 2:18–19).

2) Op grond waarvan moet ’n gelowige ’n Bybelkeuse maak?

Redes waarom die Reformatoriese Vertalings meer aanvaarbaar as die Modernistiese Vertalings is

- **Dit moet waarheid getrou wees**

Die Reformatoriese vertalers het geglo aan die onfeilbaarheid van die Skrif. Die Woord het die finale gesag gedra en is met ontsag en eerbied benader omdat dit God se Woord is. Daar mog geen woord weggelaat of bygevoeg word nie — woorde wat duidelikheidshalwe bygevoeg is, is kursief gedruk. Die Reformatoriese vertalings het ontstaan in ’n tyd van geloof. Daarteenoor het die modernistiese vertalings ontstaan in ’n tyd van ongeloof en relatiwiteit waar niks vas en seker is nie. Dis ’n tyd waar die finansiële voordeel sterk voorrang geniet en die ekumeniese sterk op die voorgrond tree.

Daar was geen kopiereg op die eerste uitgawes van die waarheidsgetroue vertalings nie. Algaande het die betrokke Bybelgenootskappe egter kopiereg op die Woord van God geplaas en het sommige van die jonger *waarheidsgetroue* uitgawes ook die kopieregteken op soos alle modernistiese „vertalings”. Die kopieregteken is daar om die outeur se regte te beskerm. Dit gaan hier hoofsaaklik om finansies. Niemand mag op enige manier afdrukke daarvan maak nie, maar moet die boek koop, anders ly die outeur of uitgewer finansiële verlies. Dit is interessant dat die Bybelgenootskappe in hierdie wedloop die hemelse Outeur se Woorde sonder Sy toestemming tot hul eie voordeel met ’n kopieregteken ontsier:

- **Dit moet tydloos wees**

Dit word vandag al hoe meer besef dat die letterlike vertalers, TR-vertalers, Bybelse taal eerder as hedendaagse taal gebruik het. Die Bybelse taal van die King James Version of die 1933 Afrikaanse vertaling was nie die algemene omgangstaal van sy tyd nie. Vergelyk net die 1611 King James Version met sy eie voorwoord, en die verskil in Engels is duidelik, of die 1933 Afrikaanse vertaling met die algemene Afrikaanse skryftaal van 1933. Die soort Engels van die King James Version is nie ’n taal wat ooit gepraat is nie. Selfs met die gebruik van *thee* en *thou* is die 17de eeuse Engels nie gevolg nie. **Die taal van die Bybel moet dus tydloos wees, wat nie kort-kort verander hoef te word nie** (A, Hills, *King James Version Defended*, 1993:218).

- **Wat is hedendaagse taal?**

Daar word gesê dat in die taal van 1881 of 1933 nie met die jeug gekommunikeer kan word nie. Sommige voel selfs dat die beste manier om met die jeug te kommunikeer is d.m.v. „volksange”. In baie jeugdienste word daar vandag baie min of geen Skriflesing gedoen nie — slegs ru vorme van sang met begeleiding van klavier of kitaar. Daarteenoor is vertalings soos bv. die King James Version standhoudend solank die Engelse taal bestaan (A, Hills, *King James Version Defended*, 1993:219). Die sing van Engelse liedere in Afrikaanse Jeugdienste is teenstrydig opvallend.

- **Uit die hoof leer**

Die baie en veranderende vertalings ontmoedig en bemoeilik die *‘uit die hoof leer’* van verse. Selfs konserwatiewe gelowiges gebruik hierdie modernistiese vertalings, wat aanleiding gee tot verlies van die vertroostende en lewegewende Woorde in hul harte en in dié van hul kinders (A, Hills, *King James Version Defended*, 1993:219).

- **Geen keuse**

In feite het ons eintlik geen keuse nie. Die Woord is deur God aan ons gegee. Dit is Sy Woord en as sulks moet ons dit aanvaar of ons daarvan hou of nie, of dit ons pas of nie.

Waarom modernistiese Bybels onaanvaarbaar is

- **Die modernistiese Bybels is onhistories en ontoepaslik**

Die Bybel is nie ’n moderne menslike boek (nuut soos die oggendkoerant), waarin die taal gedurigdeur verander nie. Geen vertaling behoort mens so te laat dink nie. Inteendeel, die Bybel is ’n antieke Goddelike boek, maar die inhoud is altyd nuut, want daarin openbaar God Homself. Daarom moet die taal daarvan verstaanbaar, maar ook waardig wees. Dit kan wel van die taal én die teks van die King James Version, Statevertaling en die 1933/53-Afrikaanse vertaling gesê word, maar nié van die modernistiese vertalings nie (A, Hills, *King James Version Defended*, 1993:219).

- **Die moderne-taal Bybels is onwetenskaplik**

Op grond van die papirusontdekkings in Egipte is deur E.J. Goodspeed en ander modernistiese vertalers, gesê dat die Nuwe Testament skrywers in gewone, eietydse Grieks geskryf het. Vandag word erken dat dit ’n oordrewe stelling was. R.M. Grant (1963) erken dat Nuwe Testament skrywers die Hebreeuse Skrifte en die Griekse LXX geken het. Hul taal was egter nie dié van die sekulêre Egiptiese papiri nie, maar Bybels. Daarom behoort Bybelvertalings se taal Bybels te wees en nie eietyds en alledaags soos die modernistiese vertalings nie. Dit moet die toets van die tyd kan weerstaan (A, Hills, King James Version Defended, 1993:219).

Bybelse verbondswoorde soos geregtigheid, goedertierenheid, welgeluksaligheid, salig ens. is oorgeneem uit die Statevertaling. Sommige van hierdie woorde is spesiaal in Nederlands geskep om die diepte en wydte van die woorde in die oorspronklike taal weer te gee. Bybelse woorde, uitdrukkings en taal is spesiaal geskep — die taal het gebuig voor die Bybelse betekenis. Daarom mag ons dit nie argaïes noem en sommer vervang deur humanistiese woorde wat deur veragtering in die geloof van die taalgebruikers ingesluip het nie. Dit laat die Bybel buig voor die afval/humanisme/liberalisme.

Die Protestantse Bybels

Die **King James of Authorized Version** is die historiese Bybel van die Engelssprekende Protestante. Daar word gesê dat dit die vernaamste en grootse (greatest) vertaling is wat ooit in enige taal geproduseer is. Dit is deur baie geslagte vir byna vier eeue, en dwarsoor die Engelsprekende wêreld deur gelowiges gebruik. Engels is vandag ’n wêreldtaal en word deur nagenoeg 300 miljoen mense gepraat. Dit is die tweede taal van baie miljoene meer; gevolglik is die King James Version vandag die mees gelese vertaling ter wêreld. Verder het baie Engelse sendelinge dwarsoor die wêreld en deur die eeue heen die King James Version gebruik om Bybels in die inheemse tale oor te sit en daarmee toeganklik gemaak vir baie wat geen Engels ken nie (A, Hills, *King James Version Defended*, 1993:219). Selfs die Statevertalers en ons eie 1933/53 Afrikaanse vertalers het die King James Version saam met hul ander bronne geraadpleeg. Daar word dikwels gesê dat die vertalers van die King James Version nie die baie nuwe mss wat vandag beskikbaar is, geken het nie. **Maar daar word vergeet dat die Vulgaat, in Alef en B verteenwoordig, wel beskikbaar was. Erasmus het mss soos B geken, maar doelbewus nié in sy Griekse Nuwe Testament gebruik nie.** Verder het Tyndale ook by hom klas geloop toe hy in Engeland was. Van Tyndale se vertaling van die Bybel in Engels was so goed dat sowat 90% daarvan in die Authorized Version opgeneem is.

Hierin kan die bewarende hand van God gesien word wat in Mat. 24:35 deur die Here Jesus se eie mond aan sy gelowiges belowe is: „Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar **My woorde sal nooit verbygaan nie**.” In die OT verseker Hy deur Jesaja: „die gras verdor, die blom verwelk; maar die **woord van onse God hou stand in ewigheid**” (Jes. 40:8).

Dit was die Griekse Nuwe Testament van Erasmus, Beza en Stefanus wat die grondslag vir alle Reformatoriese vertalings gevorm het. In al die jare waarin die Roomse Vulgaat die godsdienstige lewe van die mense regeer het, het daar geen Hervorming plaasgevind nie — dit kon eers deurbreek toe daar ’n suiwer Woord was om vanaf te werk. So ’n groot gebeurtenis soos die Hervorming sou nie met ’n verdraaide teks moontlik gewees het nie.

Vandag gryp die Bybelgenootskappe en modernistiese vertalers terug na die Roomse teks van voor die Hervorming om die mens weer terug te dompel in ’n tyd van onsekere donkerheid.

Dit was in die verlede nie die gebruik in ’n gereformeerde kerk om ’n kinderbybel op die kansel te gebruik nie. Wel is in die Gereformeerde Kerke selfs die lees van kinderbybels tuis afgekeur. Die geslag kinders wat met hierdie kinderbybels groot geword het, vind gevolglik die modernistiese „Bybels” nie vreemd nie. Aangesien hulle afgestem is op kinders van st. 3, 5–13 jaar en halfgeletterdes, is hulle niks anders as kinderbybels nie. Die indoktrinasie om hulle aanvaarbaar te vind, het gevolglik geslagte gelede al begin. Iewers het Gereformeerde Kerke in hierdie stroom beland en is meegesleur, want hulle vind dit ook nou aanvaarbaar om ’n kinderbybel naas die Bybel op die kansel te hê en in baie gevalle selfs nét die kinderbybel (Nuwe Afrikaanse Vertaling) (B, Klassis Rapport 1984:31, bylaag:D:2; B, Cloud, D-E, s.a.:9; *Time*, May 6, 1991, B, aangehaal Cloud, *O Timothy*, 1991:8(6)).

Rede vir die verval

Hierdie vertalings vanuit verdraaide grondtekste en met humanistiese vertaalmetodes en uitgangspunte veroorsaak geen Hervorming nie; inteendeel, die HERE se **Wet** word opsy geskuif vir die mens se wet, genoem *menseregte*. Onder *menseregte* word vandag die grootste kriminele onreg teen God en mens gepleeg. Mense kom nie tot sondebelydenis voor God en bekeer hulle nie tot *Hom* soos in die tyd van die Hervorming nie. Inteendeel, aborsie (babamoord), moord en doodslag, egskeiding en aanranding, leuens en diefstal, sabbatsontheiliging en staatsgrepe, Godslastering, afgodery en gelykstelling van alle afgode naas die enige ware God, is aan die orde van die dag.

Volgens Lloyd-Jones kan die algemene verval van die evangelie wat so kenmerkend van ons tyd is, toegeskryf word aan die Skrif wat van sy gesag beroof is. En dit a.g.v. die verwoestende invloed van die sg. hoër-skrifkritiek wat deur die Jesuïete aangestig is en via Duitsland die res van die wêreld in die 1830’s binnegedring het. Hulle het verklaar dat die Bybel soos enige ander boek ondersoek moes word. Voeg hierby die Darwinistiese leringe ná 1859 wat die „wetenskaplike” basis vir die skrifkritici se gedagtes gebied het en die grondslag is gelê. Die fondamente is weggegrawe:

„Die menslike rede is op die troon geplaas en vanaf die kansels is die ondermyning van die massas se geloof in dié Boek as die Woord van God gevoer… Daar word gepraat van die ‘versekerde resultate’ van die geleerdheid en van kritisisme, en die massas het hierdie ‘groot deskundiges’ geglo… **Ons het nou ’n stadium bereik waarin ‘die massas’ buite die Christelike kerk is omdat hulle die indruk gekry het dat die Christelike kerk self nie langer glo dat dié Boek gesagvol is nie…** Die gevolg is dat soos mense opgehou het om aan die Bybel te glo, hulle opgehou het om aan die wet, aan reg en geregtigheid te glo. Die hele begrip van straf en beloning is ondergrawe en van die tafel gevee … saamgevat is die een hoofoorsaak: **dat daar geen gesag, geen finale sanksie is, waarvoor die mens nou verplig voel om te buig nie”** (A, Lloyd-Jones, *Knowing the Times*, 1989:107, 108, 109) (my beklemtoning — JCE).

Een van die belangrikste voorstelle wat gemaak word om die mense na die Woord toe terug te bring is:

„Laat ons ’n nuwe vertaling van die Bybel maak … want die mense lees die oue nie meer nie omdat hulle die taal, die argaïese terme … regverdigmaking, heiligmaking en al hierdie Bybelse terme nie verstaan nie”

„Wanneer het die gewone mense óóit die terme verstaan? Die groot predikers soos John Wesley en George Whitefield het in die 18de eeu vir steenkoolwerkers gepreek, wat nie eers skoolgegaan het nie, hulle was ongeletterd. Het húlle dit verstaan? Die gewone mense het nooit verstaan nie… Menslike verstand is van geen waarde hier nie; dit is geestelike waarheid; dit is iets heeltemal anders.”

„Daar word gesê dat ons dit in eenvoudige taal en terme moet stel, sodat enigeen wat dit lees alles sal verstaan… Dit is niks anders as loutere onsin nie! **Wat ons moet doen, is om die massas na die Bybel op te voed, nie die Bybel af te bring na hulle vlak nie.** Een van die grootste probleme in die lewe vandag is dat … alles goedkoop gemaak word. Die gewone man word die standaard en die gesag gemaak … alles moet na hom afgebring word… **Ons moet eerder die mense opvoed en oefen, op na die standaard en taal en waardigheid en glans van die Authorised Version”**

„Die antwoord lê nie by die voortbring van nuwe vertalings nie; dié verskyn amper elke week. Maar bevorder hulle werklik die toestand (terug na die Woord)? Nee, en daarom lees mense nie meer die Bybel nie, nie omdat hulle dit nie kan **verstaan** nie, maar omdat hulle dit nie **glo** nie… **Hulle probleem is nie 'n probleem van taal en terminologie nie; dis 'n hartsgesteldheid…** Dit lyk my **daar is net een ding om te doen**, dit wat altyd in die verlede gedoen is (maar wat nou so verwaarloos word): **ons moet dit preek en ons prediking moet heeltemal op sy (Bybel) gesag gebaseer word…** Ons moet nie na die Bybel kom om vas te stel of dit waar is of nie; ons moet kom om die betekenis van die waarheid … en die lering te ontdek wat daarin te vinde is… Ons moet dit preek ás die Woord van God… Bid vir krag om dit te proklameer sodat dit sal wees 'soos 'n hamer wat 'n rots sal vermorsel' (Jer. 23:29)" (A, Lloyd-Jones, *Knowing the Times,* 1989:110 – 117).

Keuse van 'n Bybelvertaling

Soos Hills sê: In verband met Bybelvertalings gedra teenswoordige Christene hulle soos bedorwe en opstandige kinders. Hulle wil 'n vertaling hê wat hulle geval: *„We want a Bible that talks to us in the same way in which we talk to our friends over the telephone. We want an informal God, no better educated than ourselves, with a limited vocabulary and a taste for modern slang."* So kies elkeen sy modernistiese vertaling na sy smaak. *„But God is bigger than you are, dear friend, and the Bible version which you must use is not a matter for you to decide according to your whims and prejudices. It has already been decided for you by the workings of God's special providence. If you ignore this providence and chose to adopt one of the modern versions, you will be taking the first step in the logic of unbelief. For the arguments which you must use to justify your choice are the same arguments which unbelievers use to justify theirs, the same method. If you adopt one of these modern versions, you must adopt the naturalistic New Testament textual criticism upon which it rests… Naturalistic textual criticism regards the special, providential preservervation of the Scriptures as of no importance for the study of the New Testament text. But if we concede this, then it follows that the infallible inspiration of the Scriptures is likewise unimportant. For why is it important that God should infallibly inspire the Scriptures, if it is not important that He should preserve them by His special providence?*

„Where, oh where, dear brother or sister, did you ever get the idea that it is up to you to decide which Bible version you will receive as God's holy Word? As long as you harbor this false notion, you are little better than an unbeliever… For you the Bible has no real authority, only that which your rebellious reason deigns to give it… Receive by faith the True Text of God's holy Word, which has been preserved down through the ages by His special providence and now is found in the Masoretic Hebrew text, the Greek Textus Receptus, and the King James Version and other faithful translations!" (A, Hills, *The King James Version Defended,* 1993:242–243).

Kenmerke van die verskillende Modernistiese Bybelvertalings

- Hulle wyk leerstellig van die Reformatoriese vertalings (King James Version, Statevertaling, 1933) af;
- Hulle val die Persoon en werk van die Here Jesus aan;
- Hulle maak die deur oop na die ekumeniese beweging;
- Hulle sluit die korrupte teologie van Westcott en Hort in;
- Hulle beweer dat die ontvanger dieselfde reaksie moet toon as die oorspronklike leser/hoorder. In hulle poging om dit te bewerkstellig laat hulle duisende woorde van die oorspronklike grondteks weg, verander en voeg duisende mensewoorde by.

Kenmerke van 'n waarheidsgetroue vertaling

'n Vertaling moet die volgende kenmerke in alle dele van die teks bevat:

- Dit moet God die Vader, Seun en Heilige Gees eer.
- Dit moet die Persoon en verlossingswerk van die Here Jesus Christus eer en nie daarvan wegdoen, verswak, verander of ondermyn nie, naamlik van Sy:
    - verlossingswerk;

- ♦ ewigheidsbestaan;
- ♦ Godheid;
- ♦ Seunskap van God;
- ♦ maagdelike geboorte;
- ♦ liggaamlike opstanding;
- ♦ liggaamlike hemelvaart;
- ♦ liggaamlike wederkoms.

- Die Bybelse leerstellinge mag op geen manier verswak, verander, ondermyn of mee weggedoen word nie.
- Al die woorde van God moet weergegee word om Godsopenbaring te wees.

Dit is duidelik dat die modernistiese vertalings nie aan hierdie kenmerke voldoen nie, want dit verkrag op baie plekke al drie hierdie kenmerke. Daardeur ondermyn en verswak hulle die sekerheid en vastigheid van die Christelike hoop en geloof.

„As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?" (Ps. 11:3).

Enkele Modernistiese Vertalings

Vertalings wat 'n aanslag op die Waarheid van die Woord maak

Deur die modernistiese Bybelvertalings en -hersienings word aanvalle op die Woord van God gedoen! Moderne „vertalings" veroorsaak twyfel oor die waarheid en gee aan die vyand geleentheid om te sê: „Niemand weet wat reg is nie!

Die uitgewers van die modernistiese Bybelvertalings gebruik ekumeniese samewerking om hul verkope te verhoog en hul strewe na „eenheid" veroorsaak mens– i.p.v. Godgerigte vertalings. Om nie aanstoot te gee nie laat dit God se Woord buig voor die kultuur en persoon van die mens. In plaas daarvan om te werk vir 'n suiwer, waarheidsgetroue vertaling deur die versigtige keuse van leerstellig suiwer vertalers, streef hulle na *„eenheid"* deur so veel as moontlik denominasies, selfs van teenstrydige belydenisse, te laat saamwerk: Protestante, Roomse, Jode en Unitariërs. Sommige sal beweer dat dit geen verskil aan die vertaling maak nie, want dit is tog net woorde wat vertaal word. Vir diegene met 'n bewuste of onbewuste versteekte agenda kan sekere leerstellings wel ingedra word, veral deur die D-E-verklarende vertaalmetode. So word daar vandag o.a. in sommige vertalings gevind: Maria-aanbidding; saligheid word verkry deur geloof plus werke of geloofswerke; die *„eenheid"* het die bloedoffer (God se wraak teen sonde deur Christus se plaasvervangende offer) vervals van 'n *versoeningsoffer* tot 'n *boete-offer*; die Verbondsgod Jahweh (HERE) word vervang met Here (beteken meester, meneer); Christus se Godheid en Messiaanse profesieë word misken, en so meer.

Hierdie betekenisverskuiwing vind ook plaas d.m.v. leestekens: lang sinne word opgebreek en kry dan ander betekenis; mense se woorde word in aanhalingstekens geplaas terwyl dit dikwels nie seker is waar dit presies begin of eindig nie. Ook die interpretasie van name word blykbaar verander bloot ter wille van verandering — moontlik sodat die *finale Bybel* met sy baie veranderinge makliker aanvaar sal word. Waar die vertalers skynbaar nie in die Godheid van Christus glo nie, skryf hulle kleinletters in die profesieë wat na Hom verwys; of in die Nuwe Testament word verwysing na die Heilige Gees met kleinletters geskryf, omdat geglo word dat Hy net 'n krag (soos elektrisiteit) en nie 'n Persoon is nie. Dikwels is modernistiese Bybels gemik op 'n spesifieke groep, bv. op laerskoolkinders, of werkende vroue, of „nie-werkende" huisvroue, of ou mense ens. Die **hele** Woord van God tog is vir **al** sy kinders, nie net vir 'n spesifieke groep nie.

'n Kommunistiese frontorganisasie in samewerking met die Bybelgenootskap gee 'n wyd gelese modernistiese vertaling uit wat deur Rome goedgekeur word. 'n Ander groep gee 'n „vertaling" uit waarop 'n lesbiër, homoseksueel en simpatiseerder meewerk.

'n Direkteur en ondervoorsitter van 'n vertalingskommissie reken o.a. dat God nie die Outeur van die Skrif is nie en dat Joh. 3:16 mitologies en Moses 'n legende is. Belangrike leerstellings word aangetas, bv. *Spirit of God* word *the Lord's power:* --'n sonde teen die Heilige Gees?!

Die vertalers word vandag dikwels eerder vir hul geleerdheid as hul godvresendheid gekies. Hulle werk word nie gedoen onder toesig van die kerk nie maar onder die beskerming van ’n uitgewer wat meer belangstel in sy wins as in die waarheid en suiwerheid van sy produk. Deurdat die kerk sy persoonlike verantwoordelikheid aan ander oorgegee het, kry ’n mens vandag verskillende teenstrydige vertalings wat verwarring en „nagmerries” by gemeentelede en selfs predikante tot gevolg het.

Dit is opmerklik hoe min positiewe invloed die modernistiese vertalings blykbaar op hul aanhangers het (veral as gedink word aan die aannames wat gemaak word op verstaanbaarheid); ook hoe min of geen invloed dit op die taal uitoefen nie — in teenstelling met die Reformatoriese vertalings wat die taal gevorm en gestandaardiseer het. Die koerant-taal beïnvloed die vertaling, in plaas van andersom. Selfs die predikante wat aanhangers van hierdie nuwe „Bybels” is, se preke toon ’n merkbare horisontalisme en humanisme; die mens en sy emosionele nood word die middelpunt (heilshistoriese benadering), i.p.v. ’n Godgesentreerde verbondsmatige verkondiging van die Woord van God (Openbaringshistories). Die redding/verlossing van die mens word die doel van die Evangelie, nie die eer van God nie. „Want as die basuin ook ’n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die oorlog?” (1 Kor. 14:8). I.p.v. hervorming — terug na die ***ware*** Woord — word allerhande vernuwings nagejaag: nuwe „Bybels”, nuwe liturgie, nuwe sange, nuwe prediking, wat kragteloos bly. Dit is interessant om op te let hoe die aanhangers van die modernistiese „Bybels” regoor die wêreld gewoonlik vrysinnig is, terwyl die aanhangers van die Reformatoriese Bybels regsinnig en behoudend is. Van die mense wat hierdie „Bybels” produseer, is dwaalleraars soos ’n bitter of brak fontein wat nie vars water kan voortbring nie (Jak. 1:11, 12), of soos ’n slegte boom wat net slegte vrugte voortbring (Mat. 7:16–18). Daarom is hulle produk ook vals, en daaraan sal hulle geken word - soos getrag sal word om aan te toon.

Grondteks wat modernistiese vertalings gebruik:

Sommige van die modernistiese vertalings maak van die *Ou* Nestle Griekse Nuwe Testament uitgawes gebruik as grondteks. Geen noemenswaardige verandering van die Nestle-Griekse Nuwe Testament teks vind vanaf 1898 tot die 25ste uitgawe plaas nie, maar die 26ste is aansienlik anders om met die United Bible Society se Griekse Nuwe Testament ooreen te stem. “**In die bestek van die drie jaar het dieselfde groep van vyf geleerdes op oor die 500 plekke en op 760 plekke in die N-A^{26} van plan verander sonder enige betekenisvolle vermeerdering van nuwe getuienis. *It is hard to resist the suspicion that they are guessing***” (A, Pickering, *Identity,* 1980:209).

Die jonger modernistiese uitgawes gebruik hoofsaaklik die United Bible Society ^{3}/Nestle-Aland^{26}.

3 Hoe stem die herkoms van verskeie grondtekste ooreen met die begrip dat God SY WOORD oor alle eeue bewaar het?

Die Ou Testament

Die oorspronklike mss wat Moses, Jesaja, Paulus of Johannes ens. geskryf het, staan bekend as Outograwe. Hulle het met die tyd verdwyn en vandag bestaan daar nog net afskrifte van afskrifte daarvan. Die oorskrywers word skriptore genoem.

Die teks van die OT is deur die Hebreeuse skrifgeleerdes oorgelewer. Hebreeuse skriptore, later die Masorete (van die werkwoord *masar* = oorlewering) genoem, het dit baie noukeurig oorgeskryf — tot die letters per bladsy is getel (Anon, Gispen, 1975:2:441).

Die eerste gedrukte Hebreeuse OT van Daniël Bomberg verskyn in 1516–17, dieselfde jaar as Erasmus se eerste Griekse Nuwe Testament. In 1525 verskyn die 2de Bombergbybel geredigeer deur Jacob ben Chajjim en is die standaardteks van die Hervorming in die Weste tot 1937.

Paul Kahle e.a. kry toe toestemming om die Leningrad-manuskrip B-19A vir die *Biblia Hebraica 3* (BHK) te gebruik, wat in 1937 verskyn. Daar word beweer dat B-19A ’n getroue kopie is, in 1008 n.C. voorberei van ’n manuskrip deur Aaron ben Moshe ben Asher. Die uitgawe van *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS in 1967–1977 bevat ook hierdie teks. Volgens Kittel gebruik hy dit omdat dit die **oudste** volledige Hebreeuse manuskrip is (±1008 n.C.). (Dieselfde rede word vir die gebruik van die Westcott en Hort-tekstipes van die Nuwe Testament aangevoer – die oudste is die beste). Die voetnote van die tweede uitgawe is behou en is al dikwels as die teks behandel. ’n Aantal Engelse vertalings het die teks wat in die voetnote vervat is, blindelings as die teks gevolg (MacRae, Zondervan, 1976:5:691–3). Een of soms albei van bg. tekste (BHK of/en BHS) word vandag in vertalings gebruik.

In 1958 gee die BBBG ’n Hebreeuse Bybel, voorberei deur Norman H. Snaith, uit wat hoofsaaklik gebaseer is op ’n 1626 Spaanse manuskrip deur Rabbi Solomon Norzi. Snaith verklaar dat dit grootliks ooreenstem met die Leningrad-manuskrip (MacRae, Zondervan, 1976:5:693).

Uit voorgaande is dit duidelik dat die Masoretiese tekste van die Hervorming verskil van die teks wat vir die modernistiese vertalings gebruik word. Modernistiese vertalings gee voorkeur aan die Ben Asher-teks (*Stuttgartensia*). **Dit word aangevul of gewysig uit die twyfelagtige Qumran of Dooie See-mss en –fragmente. Dieselfde redes word aangevoer vir beide OT en** Nuwe Testament**: „die oudste mss is beter”, vandaar die vervanging as grondteks vir vertaling.**

Die ouderdom van ’n teks alleen is geen ’n waarborg teen korrupsie nie, want korrupsie van God se Woord het al baie gou ontstaan. Die Satan het al in die tuin van Eden met sy leuens twyfel gesaai en God tot leuenaar gemaak toe hy vir Eva gevra het “Het God gesê” en “Julle sal gewis nie sterwe nie .... maar God weet dat julle oë sal oop gaan, sodat julle soos God sal wees” (Gen. 3:1, 4,5). Die mens het nie soos God geword nie, maar uit sy hoë posisie van sondeloosheid in sonde en ellende geval, en die dood en vloek heers oor hom en alle lewe tot vandag toe (Gen.3:17-19; Rom.5: 12, 8:22). In die Nuwe Testament waarsku die Bybel ons al teen die dwaalleraars, gnostici en diesulkes wat alreeds toe en nog sou opkom uit die kerk en daarbuite (vgl. 1 Joh.2:18, 19:2; 2 Petr.2:1 e.v.; 2 Petr.3:16; Judas vs.3,4; Paulus in Hand 20:30 en nog baie ander plekke) Die kerkvader Irenaeus sê dat Marcion en sy volgeling (ongeveer 144 n.C.) die Bybel vermink het op sy ketterye te pas.

Nog voor die verskyning van Kittel se BHK (1937) of die BHS (1967) uitgawes, skryf **Dr. Robert Dick Wilson (1856-1930),** na ’n 30 jaar studie, oor die teks van die Bybel: ***„I can affirm that there is not a page of the Old Testament concerning which we need have any doubt. We can be absolutely certain that substantially we have the text of the Old Testament that Christ and the Apostles had, and which was in existence from the beginning.”*** (Coray, WB? 1986:44, 45). Die BHK en BHS uitgawes was dus onnodig, want die bestaande ware teks was alreeds lankal daar.

Wie is dr. R.D. Wilson wat so ’n uitspraak gemaak het, en kon hy met gesag praat?

Hy was ’n verdediger van die leer van woordelikse inspirasie en het geglo in elke woord van die Bybel. Met kinderlike geloof en trane in sy oë kon hy voor sy studente bely: *„Jesus loves me, This I know for the Bible tells me so.”* A.g.v. die skrifkritiek het hy ’n lang studie onderneem om die betroubaarheid van die Bybel te ondersoek. Toe hy 25 jaar oud was kon hy die Nuwe Testament al in 9 tale lees en ’n Hebreeuse vertaling van die Nuwe Testament foutloos opsê, sowel as groot stukke van die OT. Hy het hom ten doel gestel om alles wat hy in sy studie i.v.m. die Bybel mag nodig kry, te leer. Om die studie van die OT te doen het hy al die tale van die OT, al die vertalings, al die argeologie en so ver moontlik alles wat betrekking het op die teks en sy geskiedenis tot 600 n.C. in te studeer. Dit het behalwe die gewone: Grieks, Hebreeus, Latyn, Duits, Frans, Aramees verder ingesluit: Babilonies, Ethiopies, Fenisies, Arabies, verskillende dialekte, alles tesaam 45 verskillende tale (Coray, WB? 1986:39–42, 45, 47–49). Moontlik kon hy met meer gesag gepraat het as al die skrifkritici saam.

I

Grafiese voorstelling van die bewaring van die Ou Testament



(Ontleen aan Sargent s.j.:109)

Die Nuwe Testament

Die Griekse Nuwe Testament se teks van die Hervorming verskil van die grondteks wat in die modernistiese vertalings gebruik word. Ons sien dat die ergste verminking van die Nuwe Testament manuskripte (mss) al baie gou, in die eerste paar eeue na Christus plaasgevind het.

Die Nuwe Testament is deur Christene in hulle amp as gelowiges oorgeskryf en bewaar in opdrag van die Here Jesus. Dit is ’n wonder van die Here se bewaring dat die grootste gedeelte (± 6000) mss baie noukeurig oorgeskryf is en net in klein onbelangrike puntjies van mekaar verskil. Al is die uiterste versigtigheid met die oorskrywing aan die dag gelê, het daar tog foute ingesluip. Gewoonlik was dit per abuis of deur agtelosigheid, maar soms was dit doelbewus, om die skriptor of oorsiener se gedagtes i.p.v. die werklike woorde weer te gee (±50 mss). En so het die Satan gepoog om die ***ware Woord*** te ontkrag en te vervals.

Die Griekse Nuwe Testament -mss word ingedeel volgens:

- die materiaal waarop dit geskryf is: Daar is papirus- en perkament-manuskripte;
- die soort skrif wat gebruik is en die tipe geskrif. Dan word nog onderskei tussen majuskel (hoofletters – ongeveer 600) en minuskel (klein letters – ±4500); eg. kom op papirus en perkament voor; die oorgrote meerderheid is minuskelskrif wat op perkament en papier voorkom;
- laastens is daar die leksionaria of liturgiese leesboeke met geselekteerde Skrifdele. Daar is ook nog die palimpses wat mss is waarvan die oorspronklike teks uitgevee of -gewas is en 'n ander teks daaroor geskryf is. Met spesiale tegnieke kan die grootste deel van die onderste skrif vandag gelees word.

Die mss van die Griekse Nuwe Testament word hoofsaaklik volgens inhoud in twee groepe verdeel:

- die Meerderheid– of Bisantynteks bestaan uit meer as 5500 mss = 99% (vandag is daar al ± 6000), en word die Meerderheidteks genoem. Hulle verskil onderling baie baie min van mekaar — “Verreweg die meeste variante onder die mss raak ‘onbenullighede’ soos spelling, taal en styl” volgens prof. Jordaan. In ’n burgerlike hof sou hulle getuienis aanvaar word omdat hulle so nou met mekaar ooreenstem.
- Die ander groep, die minderheidteks, wat grootliks van die Meerderheid sowel as van mekáár verskil. bestaan uit ±50 mss = 1%, wat onderling báie van mekaar asook van die Meerderheidteks verskil. Omdat dit vandag in bybelvertaling so hoog aangeslaan word, sal aan hierdie klein groepie hieronder meer aandag gegee word. In ’n burgerlike hof sal hulle getuienis nie aanvaar word nie omdat hulle byna in elke vers van mekaar verskil en as onbetroubare getuies uitgegooi sou word.

Die geskiedenis van die Griekse teks word vanaf die 5de eeu n.C. vir bykans 15 eeue deur die MT oorheers. Tekskritici beskou dit vandag as ’n swak teks. Verskeie papiri is gevind wat die bestaan van die Bisantynteks voor die 4de eeu bevestig. *Nogtans gee die tekskritici voorkeur aan die 1% mss*

Variante lesings is nie net die vrug van agtelosige hantering nie, maar ook van doelbewuste verandering.

Voorkeur

Nieteenstaande dat daar erken word dat die Westcott en Hort-teorie ongegrond en sonder bewys of getuienis is, word dit vandag deur die meeste geleerdes en tekskritici ‘wetenskaplik’ verdedig. Daar word beweer dat vandag meer mss beskikbaar is as in die tyd van die Hervorming waaruit die Authorized Version en Statevertaling vertaal is. Intussen ignoreer hulle die meeste mss (99%) sowel as die nuutste inligting daaroor.

Die tekskritici se spesiale gunstelinge onder die mss is die Alexandrynse Kodekse Vaticanus (B) en Sinaïticus (Alef). Hulle vertoon ’n verminkte teks en verskil net in die Evangelies oor die 3000 keer van mekaar. .

Grafiese voorstelling van die bewaring van die Nuwe Testament



(Ontleen aan Sargent, s.a.:111 en bygewerk)

Papiri: Die meeste van die papiri (3de & 6–8ste eeu) bevat geen duidelike Bisantynse lesings nie. P^{45}, ^{46}, ^{47} (3de eeu), P^{66} (200 n.C.) en P^{75} (175–225) bevat wel Bisantynse lesings.

In werklikheid is daar net twee soorte mss: die suiweres (99%) en die korruptes (1%).

Die Bisantynse mss (99%) kom uit ’n wye geografiese gebied:

- Klein-Asië en Griekeland om die Egeïesie See-gebied het minstens 18 en moontlik tot 23 Nuwe Testament boeke ontvang.
- Palestina kon tot 3 Nuwe Testament boeke ontvang het.
- Rome het minstens 2 en moontlik tot 7 Nuwe Testament boeke ontvang.

Die nie-Bisantynse of Minderheid mss (1%), kom hoofsaaklik uit een gebied, nl. Egipte.

Hodges beklemtoon dat die meeste nie-Bisantynse mss uit net een geografiese gebied, nl Egipte kom, vandaar die naam Alezandrynse teks. Gevolglik verteenwoordig hulle waarskynlik ’n tekstradisie wat net tot daardie gebied beperk word.

Bekende geleerdes erken dat MT in die vroeë kerk oorweldigend in die meerderheid was.

Tekskritici veroorsaak ’n verskuiwing van die Bisantynse teks na die Egiptiese. In vertalings beteken dit ’n verskuiwing van die Reformatoriese in die rigting van Rome en die *New Age.*

Wat is normale en abnormale oordrag?

By die **normale oordrag** sou die vroeë Christene baie versigtig met hulle oorskrywing wees: foute sou per abuis gemaak word maar nie doelbewus nie. Omdat die Outograwe nog vir 'n geruime tyd beskikbaar was kon die kopieë ook nog daarteen gekontroleer word (A, Pickering, 1980:107-110,112).

Abnormale oordrag bedoel diegene wat die woord doelbewus verdraai: onder andere die Nikolaïte (1 Joh.4:1; Op.2:6,14,15), Marcion, Origenes en die gnostici. Wanneer hulle die Woord oorskryf is dit abnormaal want bo en behalwe die gewone agtelosige foute verander hulle dit nog doelbewus (A, Pickering, 1980:110).

Hoekom vertoon modernistiese vertalings wat op die Westcott & Hort-teks en sy voorgangers gebaseer is, so 'n groot ooreenkoms met uitsprake van die New Age-beweging?

Oorsigtelike: as in die geskiedenis teruggegaan word, sien ons dat die New Age-godsdiens sy wortels in die filosofieë van Egipte, Griekeland en Rome het. Hierdie ou en korrupte **Alef-** en **B-**mss is in Rome en Sinaï gevind, en word as Egiptiese Griekse mss gereken. 'n Studie van die vroeë kerkvaders en hul tydgenote, sowel as hul opvolgers, vertoon deurlopende lyne tot op hede. 'n Paar van die belangrikste mense wat invloed uitgeoefen het, is: Marcion, Philo, Saccas, Pantaenus, Clemens, Origenes, Eusebius, Hiëronimus en Thomas Aquinas. Dus het albei, die filosofie en die mss, ’n gemeenskaplike geografiese oorsprong.

Dit is duidelik dat die wortels van die modernistiese vertalings vér teruggaan in die Griekse en Oosterse filosofieë. Dit is die wrange vrugte daarvan wat ons vandag pluk. Westcott & Hort het dit uitgevis om dit by die tekskritiek te voeg en dit as wetenskaplik aanvaar gekry. Die moderne teoloë se aanvaarding daarvan en die neerslag in die modernistiese vertalings toon die geslaagdheid van hul onderneming.

Die Geskiedenis van die Vaudois of Waldense en die bewaring van die Ware Woord

Kortliks:

- Van die begin van die wêreld af het Satan 'n aanval op God en toe op sy skepping geloods en dan veral op die kroon daarvan, die mens. Só probeer Satan God bykom - die hele geskiedenis van die ware Kerk bewys dat Satan van die begin af ’n mensemoordenaar was soos die Here Jesus gesê het.
- In die beginjare van die Christelike kerk het eers die Jode en toe veral die Romeinse owerheid die kerk vervolg – lg. se opvolger, die Roomse 'kerk', het nie op haar laat wag nie en tot vandag vervolg sy die ware Christene.

- Maar die HERE het gesorg dat daar altyd van sy kinders oorbly om sy Woord te bewaar en uit te dra en aan die volgende geslag deur te gee. Een so 'n groep was die Vaudois of Waldense (waarvan sommiges as Franse Hugenote ook na die Kaap gekom het).
- Die ontstaan van die Waldense se 1ste gemeente kan teruggevoer word na ongeveer 120 n.C. en hul eerste Bybel in Latyn na l57. Deur hulle kan ons amper ’n reguit lyn tot by die Apostels trek. Johannes - Polikarpus - Irenaeus, wat met die ware Woord na Lyon gekom en hul leraar geword het.
- Hulle het Rome se valse leerstellings verwerp en groot dele van die Bybel uit die kop geken. Daarvoor het Rome hulle deur die eeue wreedaardig vervolg, tot op die rand van uitwissing.
- Hul Latynse vertaling die *Itala* het hulle in 157 n.C. gekry, en dit het hom teen die afgedwonge Roomse Vulgaat gehandhaaf tot die Latynse taal as spreektaal opgehou het om te bestaan.
- In 1607 het Diodati ’n nuwe Italiaanse vertaling gemaak wat deur die Waldense aanvaar is. Juis in sy tyd was daar weer so ’n skrikwekkende vervolging teen hulle.
- Hierdie skrikwekkende fisieke vervolgings teen die Protestante het van tyd tot tyd in verskillende Europese lande en die Britse eilande voorgekom sodra die Roomse en/of ander antichristelike magte die oorhand verkry. In Ierland is dit vandag 'n daaglikse verskynsel; in Bosnië woed 'n 'etniese' oorlog (met " 500 000 sterftes).
- Uit die Waldense se geskiedenis sien ons dat die HERE SY WOORD en KERK (die ware gelowiges) bewaar, Satan se pogings om dit te vernietig ten spyt. Wanneer die een groep gelowiges ontrou word aan Sy Woord is daar altyd ander kinders, deur die HERE se genade, wat getrou bly aan die ware Woord en daardeur die ware leer (teenoor die valse leer) bewaar, die 7000 wat die knie voor Baäl nie buig nie. Afkoms is hier geen waarborg nie, dit is net genade, *Sola Gratia*.

Keuse van manuskripte

Uit sy kantaantekeninge is dit duidelik dat Erasmus bewus was van die meeste (miskien nog ál die) teksvariante waaroor die tekskritici vandag so val. Maar dit is duidelik dat hy ’n **keuse** gemaak het, dat hy sekere variante opsetlik nie gebruik het nie, nie uit onkunde nie, maar **omdat hy dit nie aanvaar het nie**. Hy is daarin deur die algemene geloof gelei — ook moet die bewarende hand van God daarin nie misgekyk word nie (Hills, *Bible Study*, 1991:194).

Met die samestelling van die eerste uitgawe van sy Griekse Nuwe Testament (1516) het dit wel haastig gegaan, maar heeltemal onvoorbereid was hy nie, daar hy al vir baie jare die Griekse mss bestudeer het (Froude, 1971:93). Hy was ±50 jaar oud en die erkende leier van die liberale hervorming dwarsdeur Europa. (’n Liberalis in daardie tyd was elkeen wat nie ’n getroue volgelinge van die Roomse leer was nie; getroue Roomses is ortodokses genoem) (Bainton, 1969:147). Dit word een van die grootste aanklagte teen hom dat hy die eerste uitgawe so haastig saamgestel het. Selde word daarna verwys dat hy by latere uitgawes enkele veranderinge aangebring het, asook dat bekende gereformeerde Hervormers soos Robert Estienne, beter bekend as Stefanus en Theodore Beza (Calvyn se opvolger) dit later as grond basis vir hulle uitgawes aanvaar en gebruik het.

Die ouderdom van die mss: Die feit dat Erasmus net enkele betreklik jong Griekse Nuwe Testament mss gebruik het en daarby nog net minuskels — tans dus minderwaardig beskou — word as aanklag teen hom gehou, terwyl die ouer majuskel mss, veral kodeks **Alef** en **B** (±350 n. C.), wat as die beste en belangrikste voorgehou word, nie gebruik is nie. Dit word gerieflikheidshalwe verswyg dat hy wel tot **B** toegang gehad het.

Die aantal mss: Die min mss wat Erasmus gebruik het word as aanklag teen hom gehou. Erasmus het hoofsaaklik vir sy eerste uitgawe 5 mss gebruik uit die 10 wat hy byderhand gehad het. Vir sy 2de uitgawe het hy nog 4 mss gebruik. Hy het die oorspronklike mss gebruik, mss wat ooreengekom het met die Meerderheid teks en wat so nou ooreengekom het met mekaar dat dit nie sou saak maak watter van hulle hy sou gebruik het nie.

Daarteenoor het Westcott en Hort ook min, net 5 mss gebruik, nl. die majuskels Alef, B, C D en baie min van A. Maar uiteindelik het hulle hoofsaaklik net 2 gebruik nl Alef en B. Hierdie lg.

twee mss verskil net in die evangelies alleen, op 3000 plekke van mekaar. Westcott & Hort hanteer hoofsaaklik nie die mss self nie maar Griekse Nuwe Testamente samestellings van Tischendorf en andere! Dus wat die aantal mss betref kan die pot die ketel nie verwyt nie!

Nieteenstaande word Erasmus se teks vanaf die middel van die 19de eeu al hoe meer verwerp as minderwaardig en Westcott en Hort sin as die wetenskaplike goeie teks tot vandag toe.

Textus Receptus:

Erasmus se Griekse Nuwe Testament, veral sy 3de uitgawe (1522), vorm die grondslag van wat later as die TR bekend sou word. Nieteenstaande alles wat teen Erasmus se persoon in te bring is, moet die omvang van sy prestasie nie onderskat word nie. Net die feit dat die Nuwe Testament in Grieks in boekvorm beskikbaar was, was van groot waarde, want nou kon dit met die mss vergelyk word. Die mss kon nie van land tot land vervoer word sonder groot risiko's nie, maar die maklik vervangbare gedrukte eksemplare wel (Bainton, 1969:134).

Stefanus se verskillende uitgawes het in 1546, 1549, 1550, en 1551 verskyn. Sy 1550 uitgawe is veral bekend omdat dié uitgawe die eerste was wat variante lesings in voetnote aangegee het. Beza gee 9 uitgawes tussen 1565 en 1604 uit, sy 10de verskyn postuum in 1611. Beza het baie Griekse mss vergelyk in die samestelling van sy uitgawes maar tot 'n ander gevolgtrekking gekom as vandag se toonaangewende kritici. Die manuskrip in sy besit wat sy naam dra en wat vandag se kritici so hoog aanslaan, gebruik hy byna glad nie, omdat dit so korrup is. Een van die belangrikste uitgawes van die TR was die Beza uitgawe van 1598 wat in die samestelling van die King James Version saam met Stefanus se 1550 en 1551 uitgawes gebruik is. Vanaf Erasmus tot Beza was daar altesame 21 uitgawes waarin van die eerste tot die laaste net klein veranderinge aangebring is (Anderson, TBS, 1999:546:12, 13; Fuller, O Tim, 1992:9:5). Die **1633 uitgawe van die Griekse Nuwe Testament wat die Elsevier broers uitgegee het, het die naam *Textus Receptus* gekry** omdat hulle in die voorwoord geskryf het dat dit nou die teks is wat deur almal aangeneem word — kortweg dus *Textus Receptus*. Al hierdie tekste val onder die Meerderheid teks omdat hulle baie min met mekaar verskil en vanuit dieselfde geloofsuitgangspunt tot stand gekom het.

God se hand in die verskyning van juis Erásmus se teks as die eerste gedrukte Griekse Nuwe Testament en sy invloed op die Kerkhervorming (en nie die Roomse de Cisneros s'n nie) moet nie onderskat of geminag word nie.

Wilkinson merk op: *„This later edition of the Received Text is in reality a Greek New Testament brought out under Waldensian influence. Unquestionably, the leaders of the Reformation — German, French, and English — were convinced that the Received Text was the genuine New Testament, not only by its own irresistible history and internal evidence, but also because it matched with the Received Text which in Waldensian form came down from the days of the apostles. The other three Bibles of Waldensian connection were due to three men who were at Geneva with Calvin, or when he died, with Beza, his successor, namely, Olivetan, Leger, and Diodati. How readily the two streams of the Received Text, through the Greek East and the Waldensian West, ran together, is illustrated by the meeting of the Olivetan Bible [French] and the Received Text [Greek]… Later Calvin edited a second edition of the Olivetan Bible. The Olivetan in turn became the basis of the Geneva Bible in English which was the leading version in England in 1611 when the King James appeared"* (Wilkinson, WB? 1986:210, 211).

Die kern van die probleem is dat mense weier om die gedagte van 'n werklik betroubare oorgelewerde teks, die Textus Receptus, te aanvaar. Só 'n geloof wys na God wat blykbaar onaanvaarbaar is, omdat dit die menslike vryheid bind. Rushdoony noem enkele uitgangspunte wat gestel moet word, nl.: "Die lewende God van die Bybel het nie net sy Woord gegéé nie maar dit deur die eeue heen ook bewáár. Dit maak dit vir kritici onnodig om te doen wat God sg. nie kon

doen nie — om sy Woord te beskerm en te bewaar. Kritici maak dus met hulle uitgangspunte in wese van hulleself dan die eintlike skenkers van die Ware Woord". Die Textus Receptus konfronteer ons dus met die basiese vraag van die Hervorming: nl. ons vertrekpunt – God.

Twee skemas om die Textus Receptus en die Kritiese teks van die UBS en N-A te vergelyk:



KRITIESE GRIEKSE TEKSTE



(Ontleen aan Sargent, s.a.:275 en bygewerk)